Saam-praat-papier 29 April 2018



MARKUSREEKS: SAAM VOLG ONS JESUS CHRISTUS

**JESUS MAAK ONS VRY EN BLY**

Mar 2:16-28 Toe die skrifgeleerdes onder die Fariseërs sien dat Hy saam met sondaars en tollenaars eet, het hulle vir sy dissipels gesê: "Waarom eet hy saam met tollenaars en sondaars?" (17) Jesus het dit gehoor en Hy sê vir hulle: "Dié wat gesond is, het nie 'n dokter nodig nie, maar dié wat siek is. Ek het nie gekom om mense te roep wat op die regte pad is nie, maar sondaars." (18) Johannes se volgelinge en die Fariseërs was besig om te vas, en die mense kom toe en vra vir Jesus: "Waarom vas die volgelinge van Johannes en die volgelinge van die Fariseërs, maar u dissipels vas nie?" (19) Jesus antwoord hulle: "Kan die bruilofsgaste dan vas terwyl die bruidegom by hulle is? Nee, solank hulle die bruidegom by hulle het, kan hulle nie vas nie. (20) Maar daar sal 'n tyd kom wanneer die bruidegom van hulle af weggeneem sal word. Dan, op daardie dag, sal hulle vas. (21) Niemand lap tog ou klere met ongekrimpte materiaal nie, want dan skeur die nuwe lap nog 'n stuk van die oue uit, en die gat word net groter. (22) Niemand gooi ook nuwe wyn in ou velsakke nie, want dan laat die wyn die sakke oopbars, en die wyn sowel as die sakke gaan verlore. Nuwe wyn word in nuwe sakke gegooi." (23) Eenkeer toe Jesus op 'n sabbatdag tussen gesaaides deur loop, het sy dissipels so in die loop are begin afpluk. (24) Die Fariseërs sê toe vir Hom: "Kyk daar! Waarom doen hulle iets wat nie op die sabbatdag gedoen mag word nie?" (25) Hy sê vir hulle: "Het julle nog nooit gelees wat Dawid gedoen het toe hy en sy manne nie kos gehad het nie en honger gekry het? (26) Hy het in die tyd van die hoëpriester Abjatar in die huis van God ingegaan en van die offerbrood geëet, wat niemand anders as die priesters mag geëet het nie, en ook vir sy manne daarvan gegee." (27) Jesus het verder vir hulle gesê: "Die sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die sabbatdag nie. (28) Daarom is die Seun van die mens Here óók oor die sabbat."

JESUS MAAK ONS VRY EN BLY

1 JESUS MAAK VRY VAN MORBIEDE GODSDIENSTIGHEID

2 JESUS MAAK VRY VAN NEERDRUKKENDE WETTISISME

SAAM-PRAAT-VRAE:

1 Wat leer ons oor Jesus in hierdie gedeelte ?

2 Wat leer hierdie gedeelte oor godsdienstige mense?

3 Wat leer ons oor godsdienstige voorskrifte oor vas en die "sabbat" ?

4 In watter opsig is Jesusnavolgers vry ?

5 Is blydskap die uitstaande kenmerk van ons lewe? Hoe ken ander jou as morbied of bly?

6 Wat is die een sleutelgedagte wat jy wil onthou en uitleef?